

Artikel 5 vir lidmate oor die 2020-vertaling

Die 2020-HOOFLETTER-vertaling

Inhoud

1. Die Hoofletter-vertaling volgens 'n skrywe van die Bybelgenootskap	2
2. Die lede van die Werkkomitee Hoofletters.....	3
3. Die GKSA was nie verteenwoordig op die komitee nie	3
4. Probleme met die Hooflettervertaling.....	4
4.1 Die hoofletters verwyder nie verkeerde vertalings nie	4
4.2 Die hoofletters kom soms in botsing met die voetnote.....	5
4.3 Daar is tekste oorgeslaan	5

1. Die Hoofletter-vertaling volgens 'n skrywe van die Bybelgenootskap

Die Bybelgenootskap skryf as volg:

Die maklikste is om te sê dat daar in die Ou Testament by sommige tekste in die *1933/1953-vertaling* hoofletters gebruik is vir sekere woorde (soos **Kneg**) en hulle voornaamwoorde (soos **Hy/Hom**) wat nie in die *1983-vertaling* (dienaar; hy/hom) so geskryf is nie. In die *2020-vertaling* word dit in die *Hoofletteruitgawe* so behou soos die hoofletters van die *1933/1953-vertaling*, terwyl dit in die ander uitgawe dit met kleinletters geskryf word. Die vyf kerke wat dit graag so wou hê, het as 'n komitee na die tekste gekyk en konsensus bereik oor waar hoofletters behou moet word.

Die volle bewoording van die Werkkomitee se besluit was: “Dat hoofletters in Ou Testamentiese tekste wat in die *1933/1953-vertaling* met hoofletters geskryf is, so behou word, asook Ou Testamentiese tekste wat deur skrywers in die Nuwe Testament op Jesus as die Christus van toepassing gemaak word, mits daar konsensus daarvoor in die komitee bestaan.” So 'n lys tekste is deur die Werkkomitee opgestel. Behalwe die gebruik van die hoofletters in die betrokke tekste soos deur die Werkkomitee aanbeveel, kom die vertaling in hierdie Hoofletteruitgawe dus verder in alle opsigte ooreen met die ander uitgawe.

1933/1953-vertaling: Jes. 42:1

DAAR is my **Kneg** wat Ek ondersteun, my **Uitverkorene** in wie my siel 'n welbehag het. Ek het my Gees op **Hom** gelê; **Hy** sal die reg na die nasies uitbring.

2020-vertaling Hoofletteruitgawe: Jes. 42:1

Kyk, hier is my **Dienskneg**

wat Ek ondersteun,

my **Uitverkorene** in wie

my binneste vreugde vind.

Ek het my Gees op **Hom** laat kom;*

Hy sal reg vir die nasies laat deurbreek.

2020-vertaling: Jes. 42:1

^a^bKyk, hier is my **dienskneg**

wat Ek ondersteun,

my **uitverkorene** in wie

my binneste vreugde vind.

Ek het my Gees op **hom** laat kom;

hy sal reg vir die nasies laat deurbreek.

^a **42:1-4** In Matt 12:18-21 word Jes 42:1-4 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus

^b **42:1** In Matt 3:17; Mark 1:11; Luk 9:35 word na Jes 42:1 verwys as heenwysing na Jesus Christus.

- i. the Afrikaans Baptist Church
- ii. The Afrikaans Protestant Church (APK)
- iii. The Apostolic Mission of SA
- iv. The Pinkster Protestant Church (PPK)
- v. The Full Gospel Church (Volle Evangelie Kerk)

U kan ook in die Voorwoord van die 2020-hooflettervertaling die meeste hiervan lees. Daarin word nog die Vryegereformeerde Kerk (waarnemers) by die Komitee genoem.

2. Die lede van die Werkkomitee Hoofletters

Volgens die Bybelgenootskap was die volgende kerke dus op die

- i. the Afrikaans Baptist Church
- ii. The Afrikaans Protestant Church (APK)
- iii. The Apostolic Mission of SA
- iv. The Pinkster Protestant Church (PPK)
- v. The Full Gospel Church (Volle Evangelie Kerk)
- vi. Vryegereformeerde Kerk (waarnemers)

3. Die GKSA was nie verteenwoordig op die komitee nie

Die GKSA was nie verteenwoordig op die Komitee nie.

Ek het baie hard probeer om uit te vind:

- i. Wie van die GKSA die verteenwoordigers moes aanwys vir hierdie komitee,
- ii. waarom uiteindelik niemand van die GKSA aangewys is nie en
- iii. en of die GKSA wel op een of ander manier bydraes tot die Hoofletter-vertaling gelewer het.

Ek kon daarop geen antwoord kry nie, al het ek navrae gedoen by van die Dputate Bybelvertaling, KABA en op die GKSA se poslys nie.

5. Die APK en die 2020-vertaling Hoofletter

Professor Gerrit Smit van die AP Akademie het 'n artikel oor die 2020-vertaling (Hoofletter) en die APK se betrokkenheid daarby geskryf.

Ek haal aan uit die artikel en die artikel kan hier volledig gelees word: <https://gdssmit.com/babelse-verwarring-oor-die-2020-bybelvertaling/>

Professor Smit skryf onder andere: “Dit was op aandrang van die AP Kerk dat die Bybelgenootskap besluit het om ‘n komitee saam te stel uit kerke wat die Messiaanse tekste in die Ou Testament met hoofletters wil vertaal. Dit was ook die leeu-aandeel van die AP Kerk wat die eerste tekste op die tafel geplaas het vir bespreking. Ek was sedert die begin van hierdie vertaling by die proses betrokke en kan getuig van baie jare se worsteling en oorweging wat geskenk is aan elke iedere teks in die Ou Testament: of dit met ‘n hoofletter vertaal kan of moet word. Teen die einde van die projek, is daar meer tekste in die 2020 vertaling met hoofletters as in die 1933/1953 vertaling van die Bybel. Aangesien ek een van die vertalers van die 2020 Bybelvertaling was en ook een van die medewerkers aan die “hooflettervertaling” sedert die AP Kerk die versoek aan die Bybelgenootskap gerig het vir ‘n hoofletter-uitgawe van die Bybel, kan ek getuig dat die Bybelgenootskap met erns en opregtheid geluister het na ons besware en nooit voorgeskryf het watter tekste as heenwysings na Christus verstaan moet word en watter nie, maar ons die ruimte gegee het om ons oortuiging dat Christus in die Ou Testament teenwoordig is, te handhaaf in die 2020 Afrikaanse Bybelvertaling met hoofletters.”

Smit skryf ook: “Dit is wel jammer dat daar ‘n Bybelvertaling verskyn waarin die tekste wat Messiaanse toepassing het, nie met hoofletters vertaal word nie. Die argumente daaragter wissel, maar kom hoofsaaklik daarop neer dat dié wat dit voorstaan meen dat die verwysings in die Ou Testament na die Messias binne Joodse verwagting verstaan moet word wat ‘n aardse messias verwag het wat die Joodse volk van hulle oorheersers sou bevry en sy koninkryk in Jerusalem vestig, en nie binne die eerste konteks na Jesus Christus verwys nie, hoewel hulle erken dat dit in die lig van die Nuwe Testament op Christus van toepassing gemaak kan word – vandaar die voetnotas in die vertaling wat die Nuwe-Testamentiese toepassing meld. Ek stem persoonlik nie met hierdie argumente saam nie en dit is een van die hoofredes waarom ek my volle gewig ingegooi het om die “hooflettervertaling” die lig te laat sien en enduit ‘n groot bydrae gelewer het om dit te verwesenlik. Ek dink egter nie dit is billik om die *bona fides* van die ander kant onverhoord te oordeel nie.”

6. Probleme met die Hooflettervertaling

Ek wil begin deur te sê dat ek die hoogste waardering het vir die werk van die Komitee.

Daar is egter wel probleme met die Hoofletter-vertaling.

6.1 Die hoofletters verwyder nie verkeerde vertalings nie 2020-vertaling (Kleinletter):

Psalm 45:7,8

⁷ U troon, **o goddelike wese**, is vir altyd en ewig, die septer van u heerskappy is 'n billike septer.

⁸ U het geregtigheid lief en u haat goddeloosheid. Daarom, **o goddelike wese**, het u God u met olie van vreugde gesalf — meer as u vriende.

In die Hebreus staan **God**, een woord.

Daar staan nie **o goddelike wese** (2 woorde) nie. Die ewig is wel in die 2020 vertaling vertaal.

2020-vertaling (Hoofletter):

Die o goddelike wese word verander na **o Goddelike wese**, dus nog steeds nie o God nie.

So bly vele ander verkeerde vertalings staan. Die Hoofletter-vertaling het net hoofletters gaan invoeg en het nie verkeerde vertalings reggemaak nie.

Ek kan ook nog na die volgende twee tekste in die 2020-vertaling verwys as voorbeelde:

Eksodus 20:5: want Ek, die HERE jou God, is 'n besitlike God, **wat kinders laat boet vir die sondeskuld van ouers**

Genesis 6:1: 1 *Toe die mense meer begin word oor die hele aarde en daar dogters vir hulle gebore is, 2 het die **hemelwesens** gesien dat die dogters van die mense mooi was. Hulle het toe vir hulle vroue geneem, wie hulle ook al verkies het.

6.2 Die hoofletters kom soms in botsing met die voetnote

2020-vertaling (Hoofletter):

Psalm 45:7,8

⁷ U troon, o **Goddelike wese**, is vir altyd en ewig, die septer van u heerskappy is 'n billike septer.

⁸ U het geregtigheid lief en u haat goddeloosheid. Daarom, o **Goddelike wese**, het u God u met olie van vreugde gesalf — meer as u vriende.

Dit gaan in hierdie tekste dus oor God.

Teenstrydig met die wat in die Hoofletter-vertaling staan, lui die voetnoot egter steeds:

y45:7-8 Die koning word hier aangespreek.

6.3 Daar is tekste oorgeslaan

Ek noem net Maleagi 3:1.

1953-vertaling:

Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaer.

2020-vertalings (ook dus Hoofletter):

“Kyk, Ek gaan my boodskapper stuur en hy sal 'n pad voor My gereedmaak. Onverwags sal hy na sy tempel kom, die heer na wie julle soek, die boodskapper van die verbond na wie julle uitsien. Kyk, hy gaan kom,” sê die HERE, Heerser oor alle magte.